G4-STRATEGIE

DIE ALGEHELE RESTOURASIE VAN DIE GEMEENSKAPPE VAN HAPPY VALLEY, MOUNTAIN VIEW, DIE PLAKKERSKAMP EN OMLIGGENDE PLAASGEBIEDE.

Die gemeenskapsgebaseerde stigting, *The Valleys and Mountains Development Foundation*, is sedert Februarie 2008 daarop ingestel om op verskeie maniere, deur verskillende projekte, die geïdentifiseerde gemeenskappe te bemagtig met die bevordering van hulle selfbeeld en gevoel van menswaardigheid.

Deur die Stigting se werk op voetsoolvlak in die gemeenskap het hulle tot die gevolgtrekking gekom dat die verbrokkelde, disfunksionele gesinne aan die wortel van al die uitdagings lê. Die oplossing is dus om die gesinne op al die verskillende vlakke op te bou: innerlik en uiterlik. Vir dié doel moet daar gelyktydig op verskillende maniere dieselfde boodskap gekommunikeer word.

Die boodskap wat gekommunikeer gaan word is:
GELUKKIGE GESINNE = 'n GROEIENDE GEMEENSKAP (G4)

Al die verskillende behoeftes van die gemeenskap moet deur hierdie veldtog aangespreek word en dit moet 'n momentum binne-in die gemeenskap opbou sodat dit deur die gemeenskap self bedryf kan word om aansluiting te vind met die regering se nasionale beplanningskommissie (*Our Future-make it work : Executive summary)* Die ideaal is dat die gewone burgery (samelewing) die as sal word waarom die land sal draai. Die regering soek gemeenskappe wat die moed het om dit te laat gebeur, en ons wil graag die uitdaging aanvaar namens die hele Bonnievale gemeenskap. Saam kan ons dit maak werk!

Elke behoefte sal in samewerking met die bepaalde staatdepartemente en ander belangegroepe geadresseer word sodat elke program en projek met bestaande planne en begrotings geïntegreer kan word.

Gelukkige Gesinne deur:

* Goeie Waardes (Prof Ferreira / Gemeenskapsleiers / Beraders & Mentors / Mun Dept Maatsk Ontw, Justisie, Onderwys, Gesondheid, Polisie)

* Geloof (Al die kerke se leierskap)

* Geletterdheid / Geleerdheid (Al die plaaslike skole / Dept Onderwys / AET/Gemeensaksleiers)

* Gesondheid : HIV Vigs / Tuberkulose / Diabetis / Kanker (Dept van Gesondheid / Global Fund / Hospice/ Kansa)

* Groentetuine (Dept van Landbou : Voedselsekuriteit / Plaaslike Boerevereniging)

* Gemeenskapsbetrokkenheid (Munisipaliteit / Sakesektor / GPF / Vereningings: VLV, Boerever)

* Geïmmuniseerde Diere (Veeartsenydienste / DBV)

* Gerestoureerde Geboue (Gemeenskapsverfkompetisie / Munisipaliteit / Sakesektor)

Vir geluk en groei is dit 'n voorvereiste dat die gemeenskap se vlak van geestesgesondheid op standaard is. (Die Wêreld Gesondheidsorganisasie se definisie is: *Gesondheid is 'n toestand van algehele fisiese, verstandelike en sosiale welsyn, en nie net die afwesigheid van siekte of ongesteldheid nie. Geestesgesondheid is 'n toestand waarin 'n persoon sy vermoëns besef, daaglikse uitdagings kan hanteer, produktief kan werk en in staat is om 'n bydrae tot sy gemeenskap te maak*.) Aan hierdie definisie gemeet, lê die vlak van geestesgesondheid in die gemeenskap baie laag.

Een van die Stigting se direkteure, Professor Gerhard Ferreira , opvoedkundige sielkundige wat in Kansas betrokke was by die heropbou van ‘n soortgelyke stukkende gemeenskap, het homself daartoe verbind om vir ‘n jaar die projekleier te wees van die gemeenskapsheropbou-program wat daarop gerig is om geïdentifiseerde gemeenskapslede op te lei as lekeberaders en mentors met die oog op die langtermyn visie van restourasie op elke vlak.

Die volgende vlak van intervensie is die voorkoms van die woongebiede. Dit is ‘n erkende feit dat die fisiese voorkoms van mense se woonplek en omgewing ‘n enorme invloed op die vlak van hul geestesgesondheid het. Die Stigting het daarom ‘n gemeenskaps-verfraaiingsprogram saamgestel om almal betrokke te kry by die visuele inkleding van die woongebiede. ‘n Gemeenskapskompetisie wat dwarsdeur die jaar volgens die seisoene roteer, word gehou vir huise, groentetuine, agterplase, sypaadjies, strate en “groenareas”, waar gesinne as eenhede en as groepe met mekaar sal kompeteer.

Om die visuele impak mee af te skop, is die wêreldbekende straatkunstenaar, Ricky-Lee Gordon gekontrakteer om ‘n aantal geboue in Happy Valley, Mountain View en die Plakkerskamp oor die naweek van 12-15 Oktober te kom verf met die 4G-boodskap: *Gelukkige gesinne= ’n groeiende gemeenskap*. Elke muurskildery sal ‘n faset van gesinsgeluk uitbeeld. Veertig jeugdiges uit die gemeenskap (vier uit elke blok van Wyk 4) wat deur die Stigting geïdentifiseer sal word, sal deur Ricky-Lee en sy fasiliteerders opgelei word om voort te gaan om hul eie huise en ander geboue met die tema te beverf. Hierdie naweek in Oktober sal ook gebruik word om die hele bewustheid van die bemagtigingsprojek in die gemeenskap en ook daar buite van stapel te stuur.

Die sakesektor is genader om die gemeenskapsrestourasie-projek te ondersteun deur die borg van ‘n muur se verf. Die bepaalde besigheid se naam sal by die skildery geverf word met die boodskap: XYZ-KELDER IS ‘N G4 WERKGEWER, bedoelende dat hierdie besigheid homself daartoe verbind om vir sy werknemers se gesinne om te gee en om gesonde gesinsverhoudinge te bevorder.

Die Stigting is vol vertroue dat daar genoeg wil en welwillendheid in Bonnievale bestaan om saam hande te vat om één gesonde, gelukkige gemeenskap te skep wat as eenheid kan bly voortbestaan te midde en ten spyte van die baie uitdagings wat ‘n bedreiging vir ons samelewing geword het. In hierdie kleinerwordende wêreld het ons as landgenote mekaar nodig.

© The Valleys and Mountains Development Foundation